

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 98

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

OUERS EN KINDERS

Wat sê God se Woord?

Kinders, julle moet jul ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik: Vaders, moenie julle kinders terg nie, sodat hulle nie moedeloos word nie — (Kolossense 3:20, 21).

Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God — (Markus 10:14).

Maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see. — (Matteus 18:6).

Verbly jou, o jongeling in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid... maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring. — (Prediker 11:9).

"My seun Absalom, my seun, my seun Absalom! Ag, as ek self maar in jou plek gesterf het! Absalom, my seun, my seun!" — (17 Samuel 18:33).

U het, o Heer, wat troon oor alle dinge,

uit kindertaal en stem van suigeling

u mag gegrond, sodat die mens moet swyg

wat, hoog van hart, uit wraakbegeerte dreig (Psalm 8:2).

... sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgekweek is in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van 'n paleis

... Welgeluksalig is die volk met wie dit so gaan; welgeluksalig is die volk wie se God die Here is. — (Psalm 144:12, 15).

Laat u werk vir u knegte sigbaar word en u heerlijkheid oor hulle kinders. En laat die lieflikheid van die HERE onse God oor ons wees — (Psalm 90:16, 17).

My seun, luister na die tug van jou vader, en verwerp die onderwysing van jou moeder nie; want dit is 'n lieflike krans vir jou hoof en sierlike kettings vir jou hals. — (Spreuke 1:8, 9).

'n Ouer se Plig

Tugtig jou seun, dan sal hy jou rus gee en aan jou siel vreugde verskaf. (Spreuke 29:17).

Op sy manier vra God kort-kort van sy kind hier op aarde rekenskap. Dit is asof Hy ons aanpor om na te dink oor dinge en om verantwoording te doen oor ons lewenswyse. Daar is seker geen plek in ons daaglikse lewe waar soveel van ons gevra word as by die opvoeding van ons kinders nie.

Toestande vandag en die vraagteken rondom môre het die "nugteres" tot die gevolgtrekking laat kom dat twee of hoogstens drie kinders die maksimum moet wees. Selfs individuele stemme van "geen kinders" (ander moet maar sorg dat die mensdom sy voortgang sal hê) is ook al gehoor.

Ons doelwit is nie om die vir en teen van hierdie opvattinge op te som nie. Wat ons weer met die wyse Spreukdigter in die middelpunt van ons gesinslewe wil plaas, is die plig en roeping tot tug.

Ons is dit verskuldig!

Van al die dinge wat 'n ouer aan sy kind verskuldig is, is tug een van die belangrikstes. Die Spreukeboek laat geen twyfel oor watter tug hier bedoel word nie. In Spreuke 22:15 en ander plekke word daar selfs gepraat van 'n tugroede: "... as die sotheid vassit in die hart van die seun, die tugroede sal dit daaruit verwyder." 'n Roede is enigiets — lat, rottang, lineaal, platriem, ens. waarmee lyfstraf toegedien kan word.

Vanselfsprekend gee die Spreuke-digter met sy handhawing van streng dissipline en tug die doodsteek aan moderne permissiwiteit. As 'n mens die suiwer bedoeling van die Spreuke-digter wil verstaan, moet 'n mens byvoorbeeld rustig en nadenkend Spreuke 1:2, 13:24, 19:18, 23:3-15 en 29:15 en 21 lees.

Laksheid en slapheid in die tug het ernstige gevolge vir die kind en die ouer. " 'n Seun wat aan homself oorgelaat word, steek sy moeder in die skande." (Spreuke 29:15). "Jy sal hom wel met die roede slaan, maar sy lewe van die doderyk red." (Spreuke 23:13). Die ouer wat sy kind onder die dekmantel van die sielkunde of "liefde" van kleinsaf verwen, sal maai wat hy gesaai het, nl. opstandigheid, weerbarstigheid en geen ontsag vir gesag.

Om 'n opdrag oor en oor herhaal, ondermyn die kind se eerbied en sy gehoorsaamheid aan die ouer.

Stel die voorbeeld: Gehoorsaamheid aan God

Moenie opdragte gee en dreigemente maak, terwyl u baie goed weet die kind dit nie kan uitvoer nie; of u weet u sal self nooit u dreigement uitvoer nie.

Groter kinders vra groter verantwoordelikheid — gelukkig dat ons ons kinders nie eensklaps groot ontvang nie! Kinders is nie diere wat blindelings moet gehoorsaam nie.

U kan en moet nooit van u kind 'n afdruk van uself probeer maak nie. U kind leef in baie opsigte in 'n ander wêreld as u. Wees altyd beheers teenoor u eie en ander kinders. Sou die Spreuke-digter nie goeie rede gehad het om soveel eeue gelede so herhaaldelik te waarsku

teen opvlieëndheid nie? In hoofstuk 29 alleen is daar drie sulke waarskuwings, nl. in verse 11, 20 en 22.

Bowenal, gee rekenskap van u dade. Ons kinders se oë volg ons daaglik. Woorde wek, maar voorbeelde trek.

Dubbel belangrik is daarom die vraag: hoe luister ons as ons hemelse Vader met ons praat?

P. G. L. v. d. Walt.

DIE WERKENDE MOEDER

Is u een van hulle? Die werkende moeders wat moet help om die pot aan die kook te hou, om die paaiement op die motor en die meubels te help betaal. Die lewe is tog so duur vandag. U sê dit kan nie anders nie, maar betaal u en u gesin nie 'n baie duur prys vir hierdie ekstra geldjies nie? Miskien te duur?

As ons praat van die werkende moeder, bedoel 'n mens natuurlik die moeder wat soggens haar huis verlaat om elders in 'n kantoor, fabriek, hospitaal of 'n winkel te gaan werk. Veral dink ons hier ook aan die moeder wat agt uur per dag werk, vir wie dit boonop nog 'n uur neem om by die werk te kom en vanmiddag nog weer 'n uur nodig het om van haar werk by die huis te kom.

Hierdie moeder is dus tien uur per dag van haar huis en kinders af weg. Nou word gesê die ekonomie van ons land hierdie arbeid vereis en die moeder moet ook werk om die hoë lewenskoste die hoof te help bied.

Geld is nie alles nie!

Het u al gedink ten koste waarvan werk die moeder? Eerstens ten koste van haar gesondheid. Watter mens kan twee take elke dag, jaar in en jaar uit verrig — huisvrou wees en ook in diens van 'n ander baas staan? Het u as moeder al bereken hoeveel u werklik verdien? Het u al bereken wat die bediende u kos, wat die vervoeruitgawes werk toe en terug is, wat die ekstra klere kos om werk toe te gaan en die ekstra inkomstebelasting wat betaal word op die ekstra verdienste!

Hierdie is maar die materiële aftrekkings van die bykomende inkomste. Die verlies wat u kind ly, is veel groter. Besef ouers watter Godgegewe voorreg dit is om kinders te hê? Mag ons hulle opoffer ter wille van 'n geldelike, makliker lewe?

Ons sal nooit ons motor aan ons bediende leen nie, want dit is te kosbaar, maar is u kinders dan nie meer kosbaar as daardie motor nie? U bediende staan nou tot 'n mate in vir u as opvoeder. Is dit reg?

Hulle soek ouerliefde

In my lewenstaak as opvoeder het ek die voorreg om in noue voeling te bly met die kind op skool. Hoe ruk dit soms deur my as 'n kind sy oë afslaan en sê: "meneer ek gebruik 'n dwelmmiddel" of "ek het al vir twee weke stokkies gedraai" en vele ander oortredings erken. Weet u dat daar talle ouers is wat dan wil flou word as ons hulle laat roep of hulle gaan spreek en van hierdie oortredings meedeel.

Hoekom doen leerlinge hierdie verkeerde dinge? Omdat die ouer nie tyd het om die nodige aandag aan hulle kinders te gee nie en nie daar is om sy kind te help wanneer daardie outjie die liefde, die belangstelling en die aanmoediging nodig het nie. Vanaand, as Ma en Pa al moeg is van hulle dagtaak en nog sekere noodsaaklike take tuis moet verrig, moet die kleingod liefsvit hulle pad bly.

'n Kind wat nie die aandag, sorg, liefde en belangstelling en aanmoediging van die ouer het nie, het nie daardie nodige sekuriteit in die lewe nie. Hulle is altyd onseker. Hulle is eensaam en soek ouerliefde. Hulle helde (dit is tog hulle ouers) is nie daar nie. Hulle soek elders vir hulle helde. Dan kom hulle onder verkeerde invloede en raak die spoor byster.

U kosbaarste besitting

Selfs daardie kind wat gehoorsaam is en vanmiddag reguit huis toe kom en sy takies kom

verrig en dus nie met verkeerde maats in aanraking kom nie, verloor iets in die lewe. Hulle mis daardie kameraadskap van die ouer. Lees maar in die koerante die hofverslae en ons sien so gereeld dat daardie oortreder nie ouerliefde en sorg gehad het nie.

As dit wel so is dat die moeder moet help om die inkomste aan te vul, probeer dan 'n halfdag werk kry, of kry werk wat jy tuis kan verrig. Daarom is dit goed dat dames onderwys as beroep kies. Jy gaan saam met jou kinders skool toe en kom meestal saam met hulle terug.

Die kinders van vandag is die volk van môre. Hulle is ons dierbaarste en kosbaarste besitting. Hulle mag nie verwaarloos word nie. Ons het 'n roeping om te vervul teenoor hulle. God verwag dit van ons.

T. de Ridder.

My kind is verlore

MY KIND IS VERLORE

My seun sit in die tronk — my dogter is 'n dwelmslaaf — my kind het 'n boemelaar geword. Hoeveel ouers moes al sulke woorde sê en anderpad kyk, of hulle kop in skaamte laat sak? Hoeveel verdriet kan kinders 'n mens aandoen en by al die verdriet, nog die vernedering tussen die vriende?

Hoe jammer kry jy sulke ouers en so 'n kind in 'n onbarmhartige samelewing. Ek kan my goed voorstel dat alles soos 'n nare, onaangename droom moet voel en dat hulle wens hierdie kind was maar weer die sagte ou babatjie van twintig, dertig jaar gelede. Hoeveel het hulle van hierdie kind verwag en wat was die uiteinde? As hulle die tyd maar weer kon oorkry, sou hulle van beter weet in die opvoeding van hulle kind!

Baie oorsake

Daar kan seker baie oorsake wees waarom 'n kind die spoor byster raak. Kom ek en jy wat groen koring op die land het, gesels oor 'n paar hiervan. Miskien kan ons baie leer uit ander se foute en verdriet.

Het ek nie gehoor iemand sê ons kinders is ons grootste belegging nie? Wie gaan nou sommer sy grootste belegging in die strate rondgooi?

- **Tog doen baie ouers dit met hulle kinders. Van die skool af in die strate. Wat moet jy verwag? As hy dan vanaand by die huis kom, wat kry hy daar?**
- **Is u en ek miskien van die ouers wat bedags so hard werk dat ons saans nie tyd het vir ons kinders nie, dat ons lievers met rus gelaat wil wees in plaas van om te luister na dit wat die outjie graag wil vertel nie? Is sy probleempies, wat vir hom baie groot is, vir ons te onbenullig om aan te hoor?**

As hy by ons 'n geslote oor vind vir sy klein probleempies, hoe gaan hy eendag vrymoedigheid hê om met groot probleme na sy ouers te kom? Ook daarmee moet ons verwag dat hy na sy straatvriende sal gaan wat hom verder van die wal af in die sloot gaan help.

Die ander uiterste

Miskien is u een van die ouers wat oorswaai na die ander uiterste; wat sweer by die sogenaamde "sielkundige opvoeding" van u kind. Hy kry gedurig al die aandag en dit wat hy wil hê, kry hy — en moet hom tog nooit teëgaan nie, want dan ontwikkel hy allerlei komplekse wat hom sielkundig kan ontwig. Vermy lyfstraf ten alle koste, want dit is vernederend en middeleus en barbaars. Kweek dan so jou bedorwe brokkie wat later gaan weier om te buig vir gesag. As jy alleen met hom moes saamlewe, was dit goed en wel, maar ek is bevrees die samelewing, die wet en die polisie gaan nie eendag dieselfde geduld as jy met jou kind hê wanneer hy 'n weerbarstige en brutale gesagsverwerper geword het nie!

'n Misplaaste liefde?

Watter wrange vrugte bring die verwaarlosing van die tug nie mee nie! Dink maar aan Eli, wie se huis in skande ondergegaan het, "want", sê God, "toe sy seuns skande oor hulleself

gebring het, het hy hulle nie streng bestraf nie." (I Sam. 3:13). 'n Mens wonder hoeveel sagmoedige Eli's is vandag die oorsaak vir die ondergang van hul kinders. Liefde vir jou kind is so uiters noodsaaklik — maar dan nie 'n misplaaste liefde wat geen liefde meer is nie!

Wat u gerus kan onthou

Is u vandag een van die ouers wat hande in die hare sit met u kind? U het u bes gedoen, maar u tienerjarige wil eenvoudig nie luister nie? Onthou dan:

- * U kind het sy eie persoonlikheid en smaak. Moenie van hom verwag om oor alles soos u te dink nie.
- * Stel die regte voorbeeld. Hoeveel u ook vermaan, sy lewe sal nie beter wees as die voorbeeld wat hy van u kry nie.
- * Moenie van om 'n oumens wil maak voor sy tyd nie. Help hom liever om sy jeugdige energie te stuur in nuttige en gesonde bane.
- * Gun hom sy noodsaaklike ontspanning en plesier, solank dit nie bots met God se Woord nie. Hy is maar eenmaal jonk en dit so kort.
- * Bewaar steeds die kontak met hom en wen sy vertrouwe; al stem u nie saam met al sy doen en late nie.
- * Moenie vitterig wees en alles kritiseer nie. Breek liever mure af.
- * Bid vir u kind. Per slot van rekening is dit God wat bewaar. Hoe groot is u voorreg dat God u as instrument wil gebruik om vir Hom 'n erfgenaam tot die ewige lewe te berei!

W. J. Maritz.

"GETEL... GEWEEG..."

"Menê, mené, tekél ufarsín." (Daniël 5:25).

Kom ons kyk terug op 'n jaar wat verby is. Miskien was dit 'n baie moeilike of baie besige jaar. Is ons tevrede oor wat vanjaar bereik is? By die werk, tuis, of op die siekbed het God ons vanjaar moontlikhede gebied wat ons moes benut en wat ons moes vul met 'n inhoud wat die moeite werd is. God het aan ons talente en geleenthede uitgedeel en kom soek nou die vrugte daarop. Hy kom tel en weeg. Wat is sy bevinding?

Te midde van koning Belsasar se fees-roes begin God se hand skrywe op die paleismuur. „Getel... geweeg... te lig bevind...." En die rede? "Die God in Wie se hand u asem en voor Wie al u paaie is, Hom het u nie vereer nie." U was so bedrywig dat u die belangrikste nagelaat het. Die God wat u elke dag gedra en die lewe gegee het — u het by Hom verbygeloop!

'n Bedrywige lewe, ja, maar 'n leë lewe... verkwis in 'n gejaag na wind, deurgebring in egoïsme en wêreldse singenot. 'n Lewe gevul met wind, strooi en papier. Sonder God en daarom waardeloos, gewigloos en sinloos.

Dieselfde nag kom eis God sy koninkryk en sy siel van hom af. Belsasar, jy het alles verloor! Wat vind God na nog 'n jaar in ons lewe? Vrugte van geloof, selfverloëning, bekering, liefde tot Hom en ons naaste, kruisiging van ons sondige begeertes, die goud van gebed, gehoorsaamheid en liefde?

Ons siekbed en beproewing... was dit gevul met Christus as inhoud? Hy wat Hom vir ons ontledig en ons krankhede op Hom geneem het, het ons vanjaar ons kruis gelowig aanvaar en gedra tot Sy eer in die wete: God wou dit so hê?

Ons lewe en sterwe, ons arbeid en stryd, ons blydschap en pyn kan en moet wees tot eer van die Here. Ons lewens moet gevul wees met Hom, ja, ook ons moet soos Paulus kan sê: "Vir my is die lewe Christus." (Filippense 1:21) "...en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my." (Galasiërs 2:20).

God het ons nog 'n jaar gespaar en spoedig sal die nuwe jaar aanbreek. Kan daar 'n beter nuwejaarsvoorneme wees as dat God in die komende jaar ryke geloofsvrugte in ons lewe mag vind... dat Christus waarlik "gestalte in julle verkry?"(Gal. 4:19).

So 'n lewe is vol en ryk in God se oog. Sekerlik — in die ewigheid sal dit nie te lig bevind word nie. As die lewe vir u Christus is, sal die sterwe vir u wins wees! (Filippense 2:20).

W. J. Maritz.

EK KAN NIE HUIGEL NIE

Ja, dit is so. U is heeltemal reg. 'n Mens mag nie huigel nie. Huigelaars mag miskien hulle medemens bluf, maar God kan hulle nie bluf nie. U laat u ook nie bluf nie.

Huigelaars doen sonde.

Moontlik het u reg om 'n huigelaar te verag en te vermy. Dit is tog sonde wat hy doen. Daardeur maak hy van homself 'n fariseër en fariseërs is witgepleisterde grafte, van binne vol doodsbeendere. Dit wil u nie graag wees nie. U wil nie in daardie sonde verval nie.

Die deug van eerlikheid.

U lewensleuse is: wees in alles eerlik! Dit is seker die rede waarom u so gewild is in die samelewing. Die mense weet waar hulle met u staan. As u lus het vir 'n drankie, of u is lus vir plesier, gaan u nie 'n vroom gesig opsit en maak asof u glad nie van so iets hou nie.

U kan net nie huigel nie! Dit is die rede vir u gewildheid, of... is dit dalk die rede waarom u nie gewild is nie? Die huigelaars meen u is te reguit. Vir die mensdom is u te eerlik om gewild te wees! Hoe dit ook al sy, daaraan wil u nie graag verander nie. Daardie lewensleuse is te sterk in u ingewortel om dit te verloor.

Die kerk vol huigelaars?

Dit is natuurlik die groot rede waarom u met die kerk gebreek het. Ander noem u 'n afgedwaalde. U weet beter:... die kerk is vol huigelaars. Kyk maar na Piet of Klaas of Sannie. Dit gaan u verstand te bowe dat hulle nog met vroom gesigte in die kerk kan sit, terwyl hulle lewens vol van duiwelswerke is.

Ou Koos kan ook maar die kat goed in die donker knyp en Hans, in die ouderlingbank, gaan nou wel nie die kroeg binne nie, maar kyk hoe agteraf is hy. Sy drank word so stil-stil vir hom tuis afgelewer.

Liewer nie nog 'n huigelaar nie.

Ja, hoeveel voorbeelde kan daar nie nog genoem word nie. Dit is daarom dat u weggebreek het! U eerlikheid maak dat u doen waarvoor u lus het. U eerlikheid maak dat u nie meer lidmaat van die kerk is nie. U eerlikheid maak dat u nie die kerk besoek nie, want dit sou beteken dat daar nog 'n huigelaar bykom...

Dit is tog veel beter om 'n eerlike lewe te lei buite die kerk, as om binne die kerk te wees, maar dan voor **God** as huigelaar en fariseër bevind te word.

Daarom dien u God by die huis. U dien Hom in die binnekamer. U doen dit wanneer u so voel. U gaan ook nie in die binnekamer huigel nie.

Daar is 'n vraag wat ek wil vra. U skram so weg om as fariseër voor God en mens beskou te word, maar maak u houding nie juis van u 'n fariseër nie?

Voordat u daarop antwoord, laat ons daarop let wat 'n fariseër is volgens die Skrif:

- Die fariseërs in Jesus se dae was mense wat geroem het op goeie werke.
- Dit was mense wat hulle saligheid wou koop met hulle dade.
- Hulle het nie daaraan gedink dat God se genade vir hulle nodig is nie.
- Hulle wou nie uit genade die saligheid beërwe nie.
- Hulle het Jesus Christus verwerp — Jesus wat juis die genade gebring het.

En u?

U meen dat dit u lewensleuse is wat vir u 'n plekkie in die hart van God sal verower! U eerlikheid! U roem dus ook op goeie werke. Daarmee wil u die saligheid koop. Waar kom die genade in u lewe te pas? Waar vind Jesus Christus 'n plek?

U hou nie van skynvroomheid nie. Dit is reg, maar U skram ook weg van die genadelewe wat God in Christus aanbied. U skram weg van die Kerk. U skram weg van die erediens waar die onverdiende genade u toegesê word. U meen om daarsonder te kan lewe! Dit maak van u 'n fariseër!

En nou mag die mense wat u as huigelaars en fariseërs beskou, wel huigelaars en fariseërs wees. Daaroor gaan ek nie oordeel nie. Hulle soek egter die gemeenskap met God. Hulle gaan kerk toe om die genade-prediking te hoor. Hulle verkeer onder die klank van Gods Woord, sodat hulle die genade van God mag ontvang.

Dit is wat u ook nodig het! Die genade van God! Dink daaroor na en roep soos die tollenaar in die tempel:

"O God, wees my, sondaar, genadig."

J. v.d. Walt.

Ons wil met Quo Vadis

die kruik van God omkeer sodat u oorgiet word met sy evangelie van genade.

Ons wil u ontmoet in geloofsmededeelsaamheid. Ons wil die toevlugsoord aanwys vir

*die ontstamdes en onterfdes,
die verdwaaldes en soekendes,
die verslaafdes en ontugtiges.
die gebrokenes en eensames,
die verslaenes en verskoptes,
die teleurgesteldes en wanhopiges.*

Ons wil u invoeg in die mededoë van God.

Ons wil u tuisbring van 'n lang swerftog.

Ons wil u kalmte gee na u verwildering.

Quo Vadis is draer van die Brood van die Lewe.

Deur hierdie bladsye straal die Lig van die wêreld.

Ons laat u proe van die Water wat in 'n mens 'n opspringende fontein word.

Ons gaan op die kruispaaie van die lewe staan om die rigting aan te wys.

Ons is die posbodes van die Here Jesus.

Ons skuif die uitnodiging onder u deur in.